

**4 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 7:13-8:11**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 8:1-11**

**God gee die verlange na die permanente in ons harte**

Die tabernakel was 'n tent. Die Leviete het dit oral waar die Israeliete getrek het saam met hulle gedra tot hulle in die beloofde land gekom het. Selfs daar het die tabernakel verskillende staanplekke gehad: Gilgal, Silo, Nob, Gibeon. In Samuel se tyd is die ark uit die tabernakel verwyder en het dit ook verskillende staanplekke gehad. Maar uiteindelik, so lees ons hier, het die era van die tydelike tot 'n einde gekom. In die tempel kry al die toebehore van die tabernakel en die ark self 'n finale, permanente staanplek. In alles wat hier beskryf word, sien 'n mens hoe die Here God hierdie verlange na die permanente in sy volk se harte laat leef. En tog, as ons nou terugkyk, is ook hierdie "permanente" plek, die tempel, nie meer daar nie. So leef die gelowige hier op aarde altyd in die bedeling van die tydelike. Ook Christus het, soos Johannes dit sê, "onder ons kom tent opslaan" (1:14) en voor sy hemelvaart dit vir die dissipels duidelik gemaak dat Hy na sy Vader moet teruggaan. Natuurlik het ons nou in beginsel reeds die ewige lewe. Tog is Christus se verheerlikte liggaam nog nie hier by ons op die aarde nie. Daardie dag moet nog kom. Openbaring 21:3 praat daarvan: as die nuwe stad Jerusalem uit die hemel neerdaal, dan is die woonplek van God permanent by sy volk. God was selfs in die tabernakel se tyd by sy volk, Christus is Immanuel, God woon deur sy Gees in ons, en tog smag ons na die permanente. Die Heilige Gees laat altyd die begeerte na die permanente, die ewige, in ons harte voortleef, want dit is waarvoor God ons gemaak het. Dit is Christelike hoop wat jou vorentoe laat leef en dit laat jou jouself inspan om die wenstreep te bereik te midde van alles wat so tydelik is en so vinnig verbygaan.

*Sing: Skrifberyming 45:1,8      Ds PH Fick (Komatipoort)*